

1 Korintiërs 13:12
Nou kyk ons nog
in 'n dowwe spieël en sien 'n raaiselagtige beeld,
maar eendag sal ons alles sien soos dit werklik is.
Nou ken ek net gedeeltelik,
maar eendag sal ek ten volle ken soos God my ten volle ken.

In 1 Korintiërs 13:12 word gepraat van hoe ons die lewe sien. Ons kyk soos in ‘n dowwe spieël en sukkel soms om sin te maak van die realiteit. Spieëls van daardie tyd was nie so helder soos vandag s’n nie, want dit was van gepoleerde metaal gemaak. Die Griekse woord wat hier vertaal word as ‘dowwe’, is a*enigma*. Wat jy in die spieël sien, is enigmaties, raaiselagtig, onduidelik. Jy sien ’n beeld, maar jy weet nie of dit wat jy sien regtig die volle storie vertel nie...

Konteks
1 Korintiërs 13 is natuurlik een van die mees oor-geromantiseerde gedeeltes in die Bybel. Paulus is nie hier besig om met jong verliefdes te praat wat voor die kansel staan nie! Nee, in hierdie brief van Paulus praat hy met ‘n gemeenskap wat mekaar nie kan verdra nie. Paulus se handskoene is af! Hy is gefrustreerd met die jaloesie en afguns, en die geestelike hoogmoed. In hierdie gemeente het gelowiges mekaar platgetrap om bo uit te kom. Paulus sê dat dit wat werklik **waarde** het in God se koninkryk misgekyk kan word as die invalshoek nie liefde is nie.

Value tagging
Een van die maniere hoe ons sin maak uit die lewe is ons brein se *value tagging* sisteem (waarde etikettering). Ons word daagliks gebombardeer met inligting. Wat jy in een week in die koerant lees, is gelykstaande aan die hoeveelheid inligting wat iemand 100 jaar gelede in hul hele lewe sou ontvang! Al ons sintuie vereis aandag van die brein. As gevolg hiervan het die brein meganismes om ons teen oorlading te beskerm; die brein filtreer sekere stukkies inligting uit, bv. jy voel nie gedurig die klere aan jou lyf nie. Net so ‘filtreer’ ons ook dit wat volgens ons waardevol en waardeloos is. Ons sien eintlik net dit raak wat vir ons van waarde is (value tag). So, wat kyk ons mis?
En hoe beïnvloed dit ons siening van God en mekaar, en die geheimenisse van die lewe?

Dit laat my dink aan die verhaal van Job en sy worsteling met God oor die misterie van die lewe. Mike Cosper sê: "God calls Job's attention to the confusing wonder of the world we live in." God praat met Job oor al die geheimenisse van ons wêreld; die geheimenis van lyding en die wonder van die skepping, en die geheimenis van menswees. Binne dit alles leer ken ons God as 'n heilige misterie wat, soos Eugene Peterson sê, op tienduisend verskillende plekke 'speel' midde die chaos en skoonheid van sy wêreld.

Ons gaan dit nooit lekker regkry om al die kolletjies te verbind nie. En binne hierdie geheimenis herinner God vir Job aan ons nietigheid; dat ons lyding (en vreugde!) maar een van die baie geheimenisse is van die kosmos. Op die ou end gee God ook nie vir Job 'n klinkklare antwoord nie en tog vind hy vind weer ware vreugde. God roep ons tot 'n lewe van verwondering: "Kom kyk Job! Maak oop jou oë en hart!"

God in en om ons

Augustinus skryf (De Trinitate) dat die dowwe beeld wat ons sien *presies* is wat ons sien in: onsself. Maar daar is meer as onsself – ons is ook die beeld van God, geskape na sy gelykenis (Gen 1:27). En alhoewel die weerkaatsing dof en onvolmaak is, is dit hoopvol. Want wanneer ons in die spieël kyk, is ons nie besig om te droom nie. Ons sien wat daar is – die beeld en nabyheid van God. En God opgesom in een woord is Liefde.

Die werk van God is vol misterie... Ek dink Jesus se woorde in Joh 3:8 is gepas ("die wind waai waar Sy wil en ons hoor haar geluid...") Coenie Burger skryf so treffend in sy boek *Ons Wil Jesus Sien* dat ons maklik te veel wil sê oor die geheimenisse van God. Om te sien hoe iemand wat geen sin aan God gehad het nie, tot geloof kom, bly een van die mees aangrypende gebeurtenisse wat mens kan beleef. Dis die grootste wonderwerk van almal. Hoe dit Here dit doen is 'n misterie waarvan Paulus kan getuig.

Wanneer ek dink aan hierdie woorde van Paulus in 1 Kor 13 dan dink ek aan 'n persoon wat deur sy diepste geloofsoortuigings (*value tagging*) gelei is om mense te haat en geweld teen Christene te regverdig, totdat Liefde hom platgeloop en getransformeer het op pad na Damaskus, want dit is wat dit doen: Dit breek die orde van belangrikheid en versadig ons honger na sin. Dit bring helderheid oor die diepste geheimenisse van die lewe. Dit herrangskik nie net nie. Dit skuif nie net die stoele op jou sinkende boot rond nie; dit laat jou verdrink, sterf en nuut opstaan sodat jy uiteindelik werklik vir God kan sien. Paulus skryf oor liefde met soveel outoriteit omdat hy weet wat dit kan doen. Dit ontsluit selfs die diepste geheimisse oor myself en God.

Om nie alles te weet nie is wat elke dag 'n heilige enigma maak. Soos G.K. Chesterton sê: "The riddles of God are more satisfying than the solutions of man." Almal van ons dra 'n sekere soort leegheid in onsself rond; 'n gevoel dat iets ontbreek, daardie gevoel dinge nie heeltemal in plek is nie. Sielkundiges noem dit soms angs, teoloë noem dit vervreemding, maar watookal jy dit noem, ek twyfel of daar iemand is wat nie hierdie ervaring ken nie. En dit is juis hierdie verlange na God wat ons lei tot ware vrede wat ons net in God se liefde vir ons vind. Soos Paulus sê: Al ken ek net gedeeltelik, weet ek dat God my ***ten volle*** ken en in sy liefde vashou (1 Kor 13:12). Frederick Buechner stel dit baie treffend: "Part of the inner world of everyone is this sense of emptiness, incompleteness, and I believe that this in itself is a word from God, that this is the sound that God's

voice makes in a world that has explained him away. In such a world, I suspect that maybe God speaks to us most clearly through his silence, his absence, so that we know him best through our missing him."

Ons benodig 'n filter

Daarom, al lyk die kerk in Korinte soos 'n treinongeluk bly Paulus hoopvol, want God het sy klip-hart getransformeer.
Ons het 'n filter nodig om sin te maak uit al die duisende *incoming cues* elke dag: Liefde. Dalk kort ons *value tagging* sisteem 'n opgradering. Dalk maak dit die beeld in die spieël helderder. Dalk help dit ons om minder angstig om te gaan met dinge wat ons nie verstaan nie.

Nadat ek jare lank vertel en geleer is oor wat ek veronderstel is om te glo en nie te glo nie, het ek tot die gevolgtrekking gekom dat daar baie dinge is wat nie bedoel is om uitgepluis te word nie.
En ek word in hierdie misterie ingenooi:
"Christianity is not primarily a moral code but a grace-laden mystery; it is not essentially a philosophy of love but a love affair; it is not keeping rules with clenched fists but receiving a gift with open hands."
(Brennan Manning).

Ek het net so gemaklik geraak met die onbekende as met die bekende, want vir my gaan geloof nie daaroor om die antwoorde te hê nie, maar om 'n tuiste in my lewe te vind vir misterie, vir twyfel, vir die tergende 'wat as' van bestaan, en om te vertrou dat die volgende tree wat ek gee, hoe klein dit ook al is en waarheen dit ook al lei, presies die een is wat ek moes neem.

Ja God en sy wereld is enigmaties
God is 'n teenwoordigheid,
'n geheimenis maar ook bekend,
'n raaisel maar ook 'n ervaring
ongebonde
en tog aan ons verbonde
alomteenwoordig
en altyd persoonlik naby
onvatbaar vir ons verstand
tog aanvoelbaar vir 'n kind
die Ewige wat 'n blyplek vind in my
tydelike bestaan
die groot Begrip en Misterie
wat tasbaar saam met ons kom stap het
en steeds elke dag
sigbaar raak
vir die oog
wat fyn luister met sy hart.